## ONTSPORING VAN DIE REGSTAATSBEGRIP EN SY KONSEKWENSIES VIR DIE AFRIKANERVOLK

Die opvatting van die suiwere regstaat bring sy vraagstukke mee wanneer dit in verband gebring word met die leer van die soewereiniteit in eie kring. Laasgenoemde leer wortel in die geloof dat God die mens roep tot diens aan Hom, en dat die mens vry moet wees om ten opsigte van alle lewensaspekte God na die hoogste mate te kan dien. Hierdie verskeidenheid van aspekte is deur dr. A. Kuyper en sy volgelinge gesistematiseer tot menslike verbande en lewenskringe, elk met 'n bepaalde sfeer waarin ander kringe nie mag inmeng nie. Elkeen is dan soewerein binne sy eie kring. Met verwysing na die staat is dan gespreek van die staatstaak as synde die handhawing van die reg, en omdat die staat in toenemende mate hom veral in die latere tyd ook besig gehou het met bedrywighede wat nouliks as van juridiese aard beskou kan word, is daar die onderskeid gemaak tussen die *primêre* en *sekundêre* taak van die staat. Die sistematiek van die wetsidee, deur prof. Dooyeweerd ontwikkel, waar die staat sy bestemmingsfunksie in die regsaspek vind, het vanselfsprekend geen plek vir so 'n dualistiese staatstaak nie, en die oplossing is deur sommige daarin gesoek om sulke staatsoptrede te vertolk as hebbende wel betrekking op die *regs*gemeenskap of die *regs*verkeer. Staatsondernemings soos paaie, spoorweë, spellingreëling, ens. word dan beskou as noodsaaklik vir die instandhouding van die regsgemeenskap en regsverkeer. Tereg wys A. M. Donner[1]) daarop dat so 'n vertolking eintlik neerkom op 'n oorspanning van die regsbegrip. Hy self sien dan die staatstaak in vrede- of orde-handhawing, wat in die eerste plaas wel regshandhawing veronderstel. Onder orde word dan alles verstaan wat noodsaaklik is vir die gladde verkeer in die ontwikkelingsgang van die regsgemeenskap. Die *wese* van die staat het dan volgens hom te doen met reg, maar sy *taak* is meer as suiwere regshandhawing. Wat onrus verwek en die orde versteur, moet uit die openbare lewe verwyder word, en die behoefte aan orde en reëlmaat wat die staat moet bevredig, lê nie net op die juridiese nie, maar ook op die ekonomiese, sosiale en kulturele terrein.

**Die ontsporingspunt:**

Hierdie opvatting kom redelik naby die aanwysing van die punt van onsporing in ons staatsbeskouing, maar raak nog nie die wortel nie. Twee faktore skyn verantwoordelik te wees vir hierdie mistasting, t.w. onjuiste terminologie en miskenning van die volksidentiteit. In die eerste plaas skyn dit verkeerd te wees om te spreek van die *taak* van die staat. Dit verhef al dadelik die staat tot 'n soort samelewingsverband wat dit nie is nie. Afgesien van die natuurlike verbande soos gesin en volk, is daar verbande binne die kultuurkringe, soos inrigtings vir onderwys, die ekonomie, ens. en hierdie menslike verbande moet nie vereenselwig word met die lewenskringe self nie, wat maar slegs lewensgebiede of aspekte is ten opsigte waarvan die *mens* 'n roeping en taak het, individueel of gesamentlik. Net soos in die geval van die staat word ook verkeerdelik gespreek van die „taak" van die kuns, die wetenskap, ens. As gevolg van hierdie begripsverwarring kry ons dan bv. die verskynsel dat ook die kuns as sodanig verhef word tot 'n onaantasbare grootheid met sy eie domein waaroor nòg kerk nòg staat iets op te merk het. Vermaning van kerklike kant of toetsing van staatsweë word dan beskou as 'n skending van die soewereiniteit in eie kring van die kuns, wat daarop neerkom dat die kuns as sodanig soewerein is ten opsigte van sy taak, d.w.s. dat hy onbelemmerd sy „taak" of „roeping" moet kan vervul solank hy wesensgetrou bly! Maar kan 'n abstrakte lewensaspek nou 'n roeping hê? Roeping veronderstel tog verantwoordelikheid, en verantwoordelikheid oordeel, en oordeel straf. Kan die kuns of die reg of die onderwys of die sedelikheid geoordeel en gestraf word? Dit moet tog duidelik wees dat slegs mense 'n roeping of taak kan hê en dat slegs mense in die oordeel kom. Dit skyn my wel van pas te wees dat ten opsigte van hierdie kringe daar gespreek kan word van funksie in lydelike sin. Hulle dien 'n doel of vervul 'n funksie, maar daardie funksie word uitgeoefen deur mense wat as geroepenes verantwoordelikheid dra vir hul doen en late op die terrein van daardie lewensaspek. Per slot van sake is dit dan nie die lewensaspek wat soewerein in eie kring is nie, maar die mens wat ten opsigte van sy roeping binne daardie lewenskring soewerein is. Dit is 'n soewereiniteit wat die mens in sy koninklike gestalte toekom. En daarom sal

dit wel juis wees om te sê dat 'n menslike verband soewerein binne eie kring is. Anders as 'n lewenskring is 'n menslike verband geroepe tot 'n taak en dra hy verantwoordelikheid.

**Volksroeping:**

God straf 'n gesin en 'n volk vir hul oortredings. Die Skrif ken trouens 'n besondere plek toe aan die natuurlike verbande, tot so 'n mate dat selfs die kinders gestraf kan word vir die oortredinge van hul vaders, en volgens die Verbondsgedagte dat kinders die verlossing deelagtig word wat hul ouers ontvang. By die toring van Babel het God ingegryp om die volke af te sonder en die heilsgeskiedenis sowel as die heilsverkondiging geskied dan ook langs die weg van volke, en uiteindelik sal dit volke wees wat in en deur hul verteenwoordigers as verlostes op die nuwe aarde sal verskyn. Die Skrif spreek ook nêrens van staat nie, dog van *owerheid*. Tereg wys D. J. de Groot daarop dat in die Skrif die staatsmag steeds in *mense* gekonsentreer is „die met haar bekleed zijn, en van wie telkens verzekerd wordt dat zij door God zijn aangesteld en in zijn Naam gerechtigheid beoefenen". Ook die Hervormers het blyke gegee dat die begrippe staat en owerheid vir hulle sinoniem was.[2]) Hierdie owerheid moet, indien dit in ooreenstemming met die Goddelike ordinansie wil wees, volksgebonde wees.

As ons nou let op die verskillende lewensverbande, val dit op dat elkeen sy eie orgaan of owerheid het vir die handhawing van interne orde — die gesinshoof vir die gesin, die skoolhoof vir die skool, die kerkrade vir die kerk, akademiese rade vir die wetenskap en kuns, ens. Hierdie verbande en kringe is deur Calvinistiese denkers as gelyke groothede langs mekaar geplaas, wel onderling vervleg, maar ten opsigte van hul eie funksies geskei. Ook die volk en die staat is langs en tussen hierdie kringe en verbande geplaas. Volk en staat het dan elkeen volgens hierdie denkskema 'n onderskeie „taak", en die staat voer sy „taak" uit binne 'n regsgemeenskap, ook in die gewone taal genoem „volk". Maar daarmee word nie bedoel die organies-ontwikkelde volk van die Skrif nie. In Afrikanerkringe word hierdie staatsvolk aangedui met die term „nasie" wat 'n juridiese begrip veronderstel in teenstelling met „volk" as organiese begrip.

Hierdie regstaat of regsgemeenskap of nasie het wel 'n owerheid met sy taak van regshandhawing. Maar waar is die owerheid van die volk as natuurlike verband, en wat sou sy taak wees? Setel dit by die kultuurleiers of die ekonomiese leiers of die politieke leiers? Eintlik is laasgenoemde nog net politieke leiers solank hulle na die staatsmag *strewe* — en selfs dan oefen hulle nog geen ordenende gesag uit nie — want verower hulle eenmaal daardie bewind, dan word hulle die owerheid van die *regsgemeenskap* en hierdie regsgemeenskap kan bestaan uit meer as een volk. Waar bly dan die owerheid van die volk as etniese entiteit, en waar sy roeping?

**Staat verdring volk:**

Vind ons nie hier 'n aanduiding dat daar met ons volks- en staatsbegrip iets skeel nie? Die gangbare opvattings in Calvinistiese kring sien dan die staat of owerheid ook nie meer as 'n funksie nie, dog as 'n entiteit, 'n regsgemeenskap met grondgebied net soos die natuurlike volk wat nou sonder owerheid en selfs sonder grondgebied sit, dog wel nog met 'n veronderstelde roeping en taak „binne sy eie kring"! Staat word uiteindelik 'n geografiese begrip eerder as 'n funksionele. Omdat die staat sodoende dan ook gesien word as 'n menslike of samelewingsverband, is die natuurlike volk as menslike verband heeltemal verdring. Dit is omtrent so moeilik om die roeping en taak van hierdie volk te bepaal as wat dit is om sy owerheid aan te toon. Hy vind sy erkenning nog net deur sy plek wat hom toegeken word binne hierdie denksisteem, dikwels as 'n „ensovoorts". Verder is hy van alle betekenis ontdaan. Dit sou dus verkieslik wees om nie van staat te praat nie, dog van *owerheid* en owerheidsfunksie, en hierdie owerheidsfunksie kom die volk as etniese entiteit toe. *Dit bring mee dat die begrip regstaat vervang moet word deur die begrip volkstaat.* Die volk koester trouens die verskillende verbande en lewenskringe. Laasgenoemde dra die stempel van die volksaard. Die reg, die kultuur (in engere sin), die taal, alles dra die volk se stempel. Anders gestel kan ons sê dat die volk kultuur skep, reg voortbring, ens. Wat die reg betref: dit is so volksverbonde dat indien 'n blote regstaat in Suid-Afrika moes bestaan het ten opsigte van die Bantoe, laasgenoemde se regsbeginsels heeltemal verlore sou gegaan het. Hulle sou ten

volle onderworpe moes gewees het aan die regsbeginsels van die blanke staat van waaruit die positivering van die reg tot dusver geskied het. Omdat die Afrikanervolk egter nog steeds bewustelik of onbewustelik deur die volkstaatsgedagte gelei is, is die Bantoereg groepmatig langs die regstelsel van die heersende „regsgemeenskap" erken! Die volk as etniese verskynsel vervul dus eintlik sy volksroeping deur middel van die verskillende lewenskringe waarmee hy so nou verbonde is en wat op hul beurt so nou verbonde is met die volk. Die individu kom tot sy hoogste reg juis binne en deur sy volk. Dit is per slot van sake ook sy volksaard, sy geestelike erfenis, wat tot groot hoogte sy persoonlike roeping bepaal. Die humor van die Ierse skrywer, die sakevernuf van die Jood, die spaarsin van die Skot en die musikale aanleg van die Italiaan, speel 'n rol by die persoonlike roepingsvervulling.

**Politieke roeping van die volk:**

Net soos die volk dan sy roeping op kulturele gebied vervul deur middel van die kultuurkringe wat in hom wortel, so vervul die volk sy politieke roeping deur middel van die owerheid wat hy voortbring om reg en orde te handhaaf en om die algemene volksbelang te dien, wat insluit die ontwikkeling van die land in alle opsigte waar private inisiatief ontoereikend is of agterweë bly, en wat insluit die versorging van die oues van dae en hulpeloses waar kerklike en maatskaplike versorging ontoereikend is of ontbreek. Met ander woorde, die owerheid is tegelyk regshandhawer — draer van die swaardmag — en tegelyk volksorgaan ter bevordering en beskerming van die volksbestaan, wat die volk moet lei tot sy bestemming, sy roepingsvervulling, ook op ander terreine as dié van die reg. Hy is tegelyk dienaar van God as draer van die swaardmag en tegelyk dienaar van die volk, net soos die gesinshoof dienaar is van God en dienaar van sy gesin.

So gesien, skuif die staat terug van die terrein van menslike verband, terwyl onder die gangbare regstaatsopvatting dit juis die volk van sy terrein en grondgebied verdring. Want lewenskringe het geen grondgebied nie, en daarom is die definisie van „staat" volgens die Christelijke Encyclopaedie, tereg dan ook: „Een *volk*, onder *eigen* owerheid, wonende op *eigen* grondgebied vormt een staat".[3]) Dus, nie die staat het 'n

grondgebied waarop 'n volk toegelaat word om die een of ander onnaspeurbare roeping te vervul nie, maar dit is die volk se grondgebied waaroor en -binne die owerheid regeer.

Die owerheid, wat nou tegelyk ook volksowerheid is, en uit mense bestaan, het dan wel ten opsigte van sy terrein of funksie 'n roeping en taak wat hom aanspraak gee op die beginsel van soewereiniteit in eie kring, maar dit is nie die owerheidsfunksie as sodanig wat oor daardie soewereiniteit beskik nie, net soos dit nie die huwelik is wat van indringing uit ander kringe gevrywaar moet word nie, maar die mense wat daardie huwelik aangegaan het, wat die reg het om sonder inmenging hul huweliksroeping te vervul. So beskik ook die volk oor hierdie reg van nie-inmenging ook van die kant van ander volke en owerhede. Hy het die reg om sy roeping te vervul onder leiding van sy *eie* owerheidsgesag en nie onder dié van 'n neutrale of selfs vyandiggesinde owerheid nie.

**Die konsekwensies:**

'n Siening soos hierdie openbaar dan dat onder die huidige beskouing van die regstaatsidee die staat eintlik sy grense oorskry ten opsigte van die volk, tot so 'n mate selfs dat dit die volk verdring van sy eie grondgebied, hom vervang deur 'n ander lewensverband — die van regsgemeenskap, wat nou baas word oor daardie volk se grondgebied.

Die huidige beskouing stel die volk verder bloot aan skending van sy soewereiniteit in eie kring deurdat ander volke medeseggenskap gegee word binne sy regs- en grondgebied en dus aan die uitoefening van sy roeping, soos in Suid-Afrika gebeur wanneer ander volke, swart of blank, deel uitmaak van die sogenaamde regstaat waarbinne die Afrikanervolk hom bevind — meermale as vreemdeling binne sy eie vaderland, soos in die verlede gebeur het.

Aan die ander kant word die owerheid weer verkeerdelik van terreinoorskryding beskuldig wanneer hy hom met dinge bemoei wat nie streng tot die juridiese aspek behoort nie, maar noodsaaklik is vir die volksbestemming.

Die misplasing van die staat as sogenaamde regsgemeenskap hou verder die gevaar in dat dit die internasionalisme — die Babelstrewe — bevorder, want indien die staat as regsgemeenskap meer as een volk mag omsluit, waarom nie ál

die volke nie? Dit bring ons immers terug by die toring van Babel en by die antichristelike wêreldstaat van die toekoms!

Dit moet duidelik wees dat 'n beskouing soos hierbo uiteengesit, wat die volkstaatsgedagte weer tot sy reg bring, ook die ware prinsipiële begronding bied vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling in ons land. Hierdie beleid word nou aanvaarbaar nie omdat dit gaan oor swart en wit volke nie, ook nie omdat dit gaan oor beskaafde en onbeskaafde volke nie, maar omdat dit gaan om die erkenning van die volkstaatsbeginsel — daardie soewereine reg wat elke volk het om 'n eie roeping te vervul onder leiding van sy eie owerheid binne eie grondgebied.

'n Konsekwensie van hierdie beginsel is dan dat lede van ander volke binne die eie grondgebied òf binne die volksverband opgeneem moet word indien hulle assimileerbaar is, òf as gaste behandel word. Die ideaal van 'n sogenaamde tweestroombeleid het dan ook geen beginselgrond nie. Dit is trouens ook nie deur genl. Hertzog as 'n ideaal bedoel nie, dog slegs as 'n praktiese hulpmiddel om die eie volksidentiteit te beskerm totdat dit sy bestemming kon bereik. Daar kan dan ook gerus weer teruggekeer word tot genl. Hertzog se term: *„Afrikanerdom"*, wat die Engelssprekendes ingesluit het as potensiële Afrikaners, in plaas van die huidige woord *„blankedom"* wat gefundeer is op die valse staatsbeskouing. Dit moet dan ook as een van die pligte van die owerheid beskou word dat hy die proses van assimilasie van assimileerbare elemente moet bevorder, om sodoende by te dra tot die vrede en orde binne die eie grondgebied, wat binne meervolkige state nooit bereik kan word nie, behalwe waar die wrywing tot 'n mate besweer word deur 'n federale staatsverband, wat aan die onderskeie volke 'n groter mate van interne vryheid of selfbeskikking oorlaat.

N. G. S. van der Walt.

Vermaas.

---

1) A. M. Donner: Bijdrage tot de Discussie over de Staatstaak, *Rechtsgeleerde Opsteller*, bl. 179.

2) De Reformatie en de Staatkunde, bl. 118.

3) a.w., Deel V, 1929, bl. 260.